**PATIENT INFORMATION LEAFLET**

**SCHEDULING STATUS [S0]**
Not scheduled

**PROPRIETARY NAME AND DOSAGE FORM:**
VITAFEN® Activated Charcoal Capsules

Each vegetable capsule contains:

| Ingredients | Elemental value | NRV% * |
|---|---|---|
| Activated Charcoal | 260 mg | ** |

* South African Nutrient reference values for individuals 4 years and older.

**Other ingredients:**
Hypromellose (HPMC) Capsule.
Contains no artificial sweeteners, lactose or sugar.

**PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION**
34.13 Category D (Health Supplement) [S0]

**INDICATIONS**
Activated charcoal is commonly used to ease digestive discomfort caused by indigestion, bloating and diarrhoea.
Contributes to:

- Reducing excessive flatulence after eating.
- Digestion support.

**CONTRAINDICATIONS**
Hypersensitivity to any of the ingredients. If you are pregnant or breastfeeding your baby, please consult your healthcare provider for advice before taking this medicine. Not suitable for children, unless under medical supervision. Individuals with an obstruction of the intestines should not take activated charcoal.

**WARNINGS AND SPECIAL PRECAUTIONS**
If you suffer from any serious ailments or conditions; or if you are taking any prescribed medication, please check with your healthcare provider before taking this medicine.

- Activated charcoal can interfere with the absorption or metabolism of various nutrients and medications, therefore use it at least two hours before or after any other medication or supplements.
- Use with caution in individuals with malabsorption conditions since it may interfere with absorption of nutrients and may interact with other medicines.
- Not recommended for long-term use.
- Porphyria: Safety has not been established.

Nutritional supplementation should not replace a balanced diet. Do not exceed the recommended dose without consulting a healthcare provider.

**KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN.**

**INTERACTIONS**
If you are taking other medicines regularly, including complementary or traditional medicines, or start taking any additional medicines while taking this medicine, consult your healthcare provider for advice. Activated charcoal can interfere with the amount of medicine that's absorbed by the body. Take this supplements at least two hours before or two hours after any other medication to avoid any interactions.

**DOSAGE AND DIRECTIONS FOR USE**
Adults ≥ 18 years: Take 1 to 2 capsules per day, with a glass of water on an empty stomach.

Do not share medicines prescribed for you with any other person. In the event of over-dosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, contact the nearest hospital or poison control centre.

**SIDE EFFECTS**
Side effects can include nausea, vomiting, constipation, diarrhoea and black stools. Not all side effects reported for this medicine are included in this leaflet. Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while taking this medicine, discontinue use immediately and consult your doctor, pharmacist or other healthcare professional for advice.

**STORAGE INSTRUCTIONS**
Close the container properly after usage. Store in a cool, dry place below 25 °C. Do not leave the container open or store it in a fridge.

**STORE ALL MEDICINES OUT OF REACH OF CHILDREN.**

**PRESENTATION**
Silver with Silver lid packaged container with tamperproof induction seal, a sponge and a silica gel sachet. Clearly labelled with detailed information printed on the label. Containing 60 capsules.

**IDENTIFICATION**
Transparent capsules with black powder.

**REGISTRATION NUMBER**
To be allocated.

**APPLICANT**
Pharmafen (Pty) Ltd
449, 34th Avenue, Villieria
Pretoria, 0186, South Africa
Email: info@pharmafen.co.za
Website: www.pharmafen.co.za

® = Registered trademark

**DATE OF PUBLICATION OF THIS PATIENT INFORMATION LEAFLET**
April 2023

**Complementary Medicine: Health Supplement**
**Classification D (HS)**
This medicine has not been evaluated by the SAHPRA for its quality, safety or intended use. This medicine is not intended to diagnose, treat, cure or prevent any disease.

**PASIËNT INLIGTINGSBLAADJIE**

**SKEDULERINGSTATUS [S0]**

Nie geskeduleer nie

**HANDELSNAAM EN DOSERINGSVORM:**

VITAFEN® Geaktiveerde Houtskool Kapsules

Elke groente kapsule bevat:

| Bestanddele | Elementêre waarde | NRV% * |
|---|---|---|
| Geaktiveerde Houtskool | 260 mg | ** |

* Suid Afrikaanse Voedings verwysingswaardes vir persone 4 jaar en ouer.

**Ander bestanddele:**

Hipromellose (HPMC) Kapsule.

Bevat geen suiker, laktose of kunsmatige versoeter.

**FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE**

34.13 Kategorie D (Gesondheidsaanvuller) [S0]

**INDIKASIES**

Geaktiveerde houtskool word algemeen gebruik om spysverteringstelsel ongemak te verlig wat veroorsaak word deur swak spysvertering, opgeblasenheid en diaree.

Dra by tot:

- Vermindering van oormatige winderigheid na etes.
- Spysverteringsondersteuning.

**KONTRA-INDIKASIES**

Hipersensitiwiteit vir enige van die bestanddele. Indien swanger of borsvoed, raadpleeg jou gesondheidsorgverskaffer voordat hierdie medisyne gebruik word. Dit is nie geskik vir kinders nie, behalwe onder die toesig van 'n geneesheer. Individue met 'n obstruksie van die ingewande moenie die medisyne gebruik nie

**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**

As jy enige voorgeskrewe medikasie gebruik of aan enige ernstige siektes of toestande ly, raadpleeg jou geneesheer voordat jy hierdie medisyne begin gebruik.

- Hierdie medisyne kan die absorpsie en metabolisme van verskeie medisyne en nutriënte beïnvloed, en moet daarom twee ure voor of na enige ander medikasie of aanvullings gebruik word.
- Gebruik met omsigtigheid in individue met wanabsorpsie toestande aangesien dit kan inmeng met die opname van voeding-stowwe en ook interaksies met ander medisyne kan hê.
- Nie aanbeveel vir langtermyn gebruik nie.
- Slegs vir volwassenes aangedui.
- Porfirie: Veiligheid is nie vasgestel nie.

Voedingsaanvullings moet nie 'n gebalanseerde dieët vervang nie. Moenie die aanbevole dosis oorskry sonder om 'n geneesheer te raadpleeg nie.

**HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.**

**INTERAKSIES**

As jy ander medisyne gereeld gebruik, insluitend aanvullende (komplementêre) of tradisionele medisyne, of as jy enige addisionele medisyne begin neem terwyl jy hierdie medisyne gebruik, raadpleeg jou geneesheer vir raad. Geaktiveerde houtskool kan die hoeveelheid medisyne wat deur die liggaam geabsorbeer word, beïnvloed. Om hierdie rede moet hierdie aanvulling ten minste twee ure voor of twee ure na enige ander medikasie geneem word.

**DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS:**

Volwassenes ≥ 18 jaar: Neem 1 tot 2 kapsules daagliks, met 'n glas water op 'n leë maag.

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie. In die geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

**NEWE-EFFEKTE**

Newe-effekte kan naarheid, braking, konstipasie, diarree en swart stoelgang insluit. Sommige aangemelde newe-effekte is nie in hierdie voubiljet ingesluit nie. Indien jy enige onaangename newe-effekte ervaar of voel dat jou algemene gesondheid verswak, hou onmiddellik op om die medisyne te gebruik en kontak jou geneesheer.

**BERGINGSINSTRUKSIES**

Verseël die houer behoorlik na gebruik. Bêre op 'n koel, droë plek onder 25 °C. Moenie die houer oop laat of in die yskas bêre nie.

**STOOR ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.**

**AANBIEDING**

Silwer met silwer deksel verpakte houer met peuterbestande induksie seël, 'n spons en 'n silikagel sakkie. 'n Gedrukte etiket met volledige aanwysings is op die houer aangebring. Bevat 60 kapsules.

**IDENTIFIKASIE**

Deursigtige kapsules met swart poeier.

**REGISTRASIE NOMMER**

Om toegeken te word.

**AANSOEKER**

Pharmafen (Pty) Ltd
449, 34$^{ste}$ Laan, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika
E-pos: info@pharmafen.co.za
Webwerf: www.pharmafen.co.za

® = Geregistreerde handelsmerk

**DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PASIËNT INLIGTING PAMFLET**

April 2023

**Aanvullende Medisyne: Gesondheidsaanvuller**

**Klassifikasie: D (HS)**

Hierdie medisyne is nie deur SAHPRA geëvalueer ten opsigte van die kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik daarvan nie. Hierdie medisyne is nie bedoel vir die diagnosering, behandeling, genesing of voorkoming van enige siekte nie.